



Magiese Verhale

Molly
Whuppie



Eendag was daar 'n arm houtkapper wat dit onmoontlik gevind het om al sy kinders te voed.

Op 'n dag het hy die drie jongste kinders geneem en hulle in die woud agtergelaat.

Die kinders het rondgedwaal — verlore en honger — totdat hulle by 'n huisie uitgekom het.

Molly Whuppie, die jongste, maar verreweg die slimste, het aan die deur geklop.

“Asseblief, kan u vir ons iets gee om te eet?” het sy gevra.



“Weet julle dan nie my man is ’n reus nie, en hy sal vir JÚLLE opeet as hy die kans kry?” sê die vrou wat die deur oopgemaak het.

“Asseblief ...” het Molly Whuppie gesmeek. “Ons is so honger.”



“Goed dan,” sê die reus se vrou, en sy het hulle binnetoe geneem en vir hulle brood en melk gegee.

Toe die reus by die huis kom vir aandete, het hy na die drie vreemde kinders aan die tafel gekyk en gesê:

“Wie is hulle?”

“Net drie klein kindertjies, baie arm en maer,” het sy vrou gesê.

“Jy eet jou aandete, ek sal na hulle kyk.”



Toe dit aand word, het die reus se vrou vir Molly Whuppie en haar sussies saam met haar eie drie dogters in die bed gesit om hulle veilig te hou.

Nadat sy hulle ingestop het, het die reus gekom en goue kettings om die nekke van sy eie dogters gesit, en strooitoue om die nekke van die ander kinders, sodat hy hulle in die donker kon uitken.

Sodra die ander kinders aan die slaap geraak het, het Molly Whuppie die kettings verwissel, sodat die strooitoue nou om die reus se eie dogters se nekke was.



In die middel van die nag, toe die uile roep en die maan agter die wolke weggekruip het, het die reus op sy tone die kamer binnesluip en hulle in die kelder toegesluit.

“Ek sal julle gou vet voer – julle gaan ’n lekker maaltyd wees,” het hy gesê.

“Gou ... word wakker!” het Molly Whuppie vir haar sussies gefluister.

Sy het hulle die woud in gelei, en hulle het gehardloop en gehardloop, totdat hulle heeltemal uitasem was.



Die volgende dag het hulle by 'n huis gekom wat langs 'n meer gestaan het en omring was deur standbeelde en pragtige tuine. Dit was die huis van 'n koning.

Hy het hulle ingestel en Molly Whuppie het vir hom vertel hoe hulle die reus uitoorlê het.

“Ho, ho!” het die koning gelag. “Goed gedoen! Maar ek ken van 'n nog beter poets. As jy teruggaan na die reus se huis en vir my die klein swaard bring wat langs sy bed hang, sal jou oudste suster met my oudste seun trou.”



Molly Whuppie moes saamstem dat, as sy dit regkry, dit inderdaad 'n baie slim poets sou wees.

Daardie aand het sy teruggegaan na die reus se huis en onder sy bed weggekruip.

Toe die reus so hard snork dat die dakbalke gerammel het, het Molly Whuppie die swaard afgehaal en na die deur toe begin kruip.

Sy was amper daar toe die swaard in sy skede gerammel het.



Die reus het met 'n brul wakker geword! “Jy wil mos my swaard steel, né!” het hy geskree.

Hy het met 'n bons van die bed afgespring – so hard dat die hele huis geskud het – en agter Molly Whuppie aan gehardloop.


Maar Molly was rats en vinnig. Sy het tussen die bome ingeslinger en uitgeglip, tot hulle by die Brug van Een Hare gekom het. En daar het die reus opgehou om haar te jaag.



Die Brug van Een Hare het oor 'n baie diep
kloof gestrek.

As die reus een voet daarop gesit het, sou die
brug gebreek het en hy sou teen die rotse
onder verpletter gewees het.

Maar Molly Whuppie, wat so lig soos 'n
veertjie was, het oor die brug gehuppel en
veilig ontsnap.



Toe haar oudste suster met die koning se oudste seun getroud is,
het die koning gesê:

“Dit was ’n slim poets wat jy met die reus gespeel het, maar ek
ken ’n nóg beter een. Bring vir my die beursie wat onder die reus se
kussing lê, en jou tweede suster sal met my tweede seun trou.”

Daardie nag het Molly Whuppie weer onder die reus se bed gaan
wegkruip. Toe die reus snork so dat dit voel of die dak van die huis
afgaan, het sy die beursie gegryp en na die deur begin kruip.

Sy het net die deur bereik toe ’n muntstuk uit die beursie val en
oor die vloer begin rol.



Die reus het met 'n brul wakker geword!

“Jy wil my beursie steel, né!” het hy geskree.

Hy het met 'n bons van die bed afgespring, en die huis het so erg geskud dat 'n baksteen uit die skoorsteen geval het.

Hy het agter Molly Whuppie aangehardloop, maar sy het die Brug van Een Hare voor hom bereik en daaroor gehuppel na veiligheid.

Toe Molly Whuppie se tweede suster met die koning se tweede seun trou, het die koning gesê:



“Dit was ’n slim poets wat jy gespeel het, Molly Whuppie, maar ek ken ’n nóg beter een.

As jy vir my die ring bring wat die reus aan sy vinger dra, sal JY met my jongste seun trou.”

Molly Whuppie het gedink dit is ’n baie goeie idee, en daardie aand het sy vir die derde keer na die reus se huis teruggegaan.

Toe die reus snork so hard dat dit voel asof ’n hele woud sou omval, het sy die ring van sy vinger afgegly.

Sy was net besig om dit in haar sak te sit toe die reus een oog baie, baie stadig oopmaak — en na haar kyk.



“Jy wil my ring steel, né!” het hy gefluister — alhoewel sy fluistering so hard soos ’n stormwind was — en hy het haar vasgegryp.

“Laat my gaan... Laat my gaan...!” het Molly Whuppie geskree.

Die reus het haar aangekyk en gesê:

“Wat sou JY aan my doen as ek vir JOU so uitoorlê het soos jy vir my?”



“Ek sou jou in ’n sak sit saam met ’n hond en ’n kat, ’n naald en ’n draad, en ’n skêr.

Ek sou jou teen die muur ophang. Dan sou ek in die woud ingaan en die dikste stok soek wat ek kon kry, en dan sou ek terugkom en jou daarmee slaan,” het Molly Whuppie gesê.

“Dan is dit PRESIES wat ek aan jou gaan doen!” het die reus gelag.

En dis presies wat hy gedoen het.

Toe hy die sak teen die muur opgehang het en in die woud gegaan het om die dikste stok te soek, het Molly Whuppie die hond en die kat wat saam met haar in die sak was begin streel, en toe het sy hard uitgeroep.




“O, as almal maar net kon sien wat ek kan sien!”

“Wat kan jy sien?” het die reus se vrou uitgeroep. “Wat dit ook al is, laat my dit ook sien!”

“As jy rêrig wil,” het Molly Whuppie gesê. Sy het die skêr gevat, ’n gat onder in die sak gesny, en uitgespring.

“Jy moet in die sak klim as jy wil sien wat ek gesien het,” het Molly Whuppie gesê.



Die reus se vrou het in die sak geklim, en Molly Whuppie het haar toegewerk.

Dit was donker binne-in die sak, en die reus se vrou het dit glad nie geniet nie. Sy het begin huil en gesmeek om uitgelaat te word.

Maar Molly Whuppie het weggekuip en niks gesê nie.

Toe die reus by die huis kom met die dikste stok wat hy kon kry, het hy begin om die sak te slaan.

“Kry só!... en só!... en só!”

“Stop! Stop! Dis EK! Dis EK!” het die reus se vrou geskree.




Die kat het begin klaaglik miaau, en die hond het begin blaf.

Daar was soveel geraas dat die reus nie eers sy vrou se stem herken het nie.

Teen die tyd dat hy besef het dit is sy vrou in die sak en NIE Molly Whuppie nie, was Molly Whuppie al veilig oor die Brug van Een Hare.

Hy was BAIE kwaad dat hy wéér uitoorlê is — maar daar was NIKS wat hy daaraan kon doen nie.



Molly Whuppie het met die koning se jongste seun getrou,
en almal — behalwe dalk die reus — het gelukkig en
tevrede gelewe tot aan die einde van hulle dae.

